CAPITEC Bank

CAPITEC BANK BEHEREND BEPERK

(In die Republiek van Suid-Afrika ingelyf)
(Registrasienommer 1999/025903/06)
(JSE-aandeelkode: CPI ISIN: ZAE000035861)
("Capitec" of "die maatskappy")

# CAPITEC BANK SE GRADERING OPGEGRADEER

Moody's Investors Service het vandag die korttermyn-nasionaleskaal-kredietgradering vir Capitec Bank Beperk, Capitec se bankfiliaal, tot P-1.za (van P-2.za) opgegradeer. Die Bank se langtermyn-nasionaleskaalgradering van A2.za bly onveranderd en het 'n stabiele vooruitsig.

Volgens Moody's weerspieël die opgradering Capitec Bank se bewese vermoë om sy likiditeit/befondsing oor die afgelope paar jaar omsigtig te bestuur. Dit is verder versterk deur die Plaaslike Mediumtermynnota (PMTN) program van ZAR2 miljard wat vroeër vandeesmaand geregistreer is.

Die langtermyngradering weerspieël 'n goeie langtermynkredietgehalte en die korttermyngradering dui op 'n uitsonderlike vermoë om korttermynskuldverpligtinge terug te betaal.

Stellenbosch
14 Mei 2008

PSG CAPITAL

Borg

GREYMATTER&FINCH #4308